



Fietsryers aan die Spur-CA2CX-bergfietsstoer maak gisteroggend gereed om die laaste skof van George na Knysna aan te durf. Geld wat met die toer ingesamel is, is ten bate van Die Herberg-kinderhuis in Robertson., Foto: EUGENE GUNNING

Fietsryers trap ver vir kinderrhuis

Eugene Gunning

GEORGE. - Na ses dae op hul fietse, het 34 fietsryers in die Spur-CA2CX-bergfietsstoer gister die speke laat sing in die laaste skof wat gistermiddag in Knysna geëindig het.

Hulle het gisteroggend vroeg hier op die laaste skof weggespring. Die fietsryers het reeds op 28 Junie in Durbanville weggespring en 'n afstand van

647 km afgelê.

Dit was vanjaar die negende keer dat dit aangebied is en is ten bate van Die Herberg-kinderhuis in Robertson.

Petro Uren, bemarker van die kinderrhuis, het aan *Die Burger* gesê die geld wat ingesamel word, word spesifiek gebruik vir studiebeurse vir kinders van die kinderrhuis. Dit stel hulle in staat om na skool verder te gaan studeer.

Die fietsryers is almal vrywilligers wat hul eie onkoste dra. Hul ouderdomme wissel tussen 20 en 60 en sluit mans en vroue in.

Nadst hulle in Durbanville weggespring het, was hulle eerste stop Worcester. Daarvan het hulle na Montagu gery en toe na Barrydale. Hulle het Woensdag van Calitzdorp na George gery.

Die miłkpunt is om R50 000 in te samel en teen gister was dit

duidelik dat hulle die teiken gaan oortref.

Die fietsryers word R1 per km geborg en al die geld word in die beursfonds gestort.

Altoesam 122 kinders van babas tot 18 jaar word by die kinderrhuis gehuisves.

Volgens Uren beteken die fietstoer baie vir die kinders, want daardeur word aan hulle 'n geleentheid gebied om 'n sukses van hul lewens te maak.